

KOMMUNIKAMMA 29 AUGUSTUS 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Nieke Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit.wessels@hotmail.com

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 29 Augustus is Bybelsondag

Skriflesing: 2 Tim 3:14-4:5

Tema: God se skat aan almal

Teks van die week: ¹⁴Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was ¹⁵en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. ¹⁶Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, ¹⁷sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

(2 Tim 3:14-17)

08:30 Eietydse-erediens

<https://youtu.be/AIi9ce2Id4E> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 Klassieke-erediens

(Ons deurdankoffer gaan vir Bybelgenootskap)

KATEGESE

10:00 Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou net **50 persone** per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dat persone wat bespreek het toegelaat sal word en die wat opdaag net toegelaat word tot ons die getal van 50 bereik. Indien die volgende 2 sondae se eredienste vol is en regulasies nie verander nie, sal voortgaan om 2 eredienste te hou.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

GETUIENIS

Indien enige iemand julle getuienis met die gemeente wil deel, moedig ons julle aan om dit te doen. Kontak asb met een van die dominees of met Niekie.

Maandag 30 Augustus

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsverzoek het.

Dinsdag 31 Augustus

19:00 Leef@Kerk

Al die graad 7 tot 12 tieners word uitgenooi, **om Dinsdagaand 19:00** Leef@Kerk by te woon.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R242 000 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 1 September

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 3 September

05:15 MANNEGROEP

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 5 September

08:30 EIETYDSE-EREDIENS

10:00 KLASSIEKE-EREDIENS

10:00 KATEGESE

Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 1- 6 kategese vind by ouerhuse plaas.

SAKE vir GEBED:

- Ons is dankbaar vir die goeie reën wat ons hierdie maand ontvang het. Ongeveer 110 mm is in ons voorstede gemeet. Maar ons het egter steeds 'n waterkrisis. Pleit ernstig by ons Vader vir goeie reën in ons opvangsgebiede. Bid ook vir dele in die Karroo en Vrystaat waar dit verskriklik droog.
- Dra vir Giel Meyer aan die Here op wat 'n ernstige operasie ondergaan het. Dank God dat dit suksesvol was en dat hy vinnig sal aansterk en volkome sal genees.
- Peter Crous se herstel na 'n operasie.
- Tannie Charlotte J. van Rensburg, van KKV 37, is oorlede. Innige meegevoel aan haar dogter Theresa Lombard, haar man Jan, kinders en familie.
- Beth van Niekerk van KKV 35 is na 'n lang siekbed oorlede. Diepste meegevoel aan haar enigste dogter, Charlene Thompson, familie en kleinkinders.
- Eileen Scholtz van KKV 62, vroeër van Karisma, se haar enigste dogter, Minerva, is oorlede. Ons bid vir Eileen en haar kleinkinders, Caroline en Nicole. Ons innige simpatie met jou groot verlies.
- Ons gesondheidswerkers het baie gebed nodig. Hulle werk onder moeilike omstandighede en baie van hulle sukkel met emosionele, fisiese en geestelike uitputting. Dink ook aan die inentingsveldtog wat soveel teenkanting kry.
- Bid ook vir alle leerders en studente, soos die einde van die jaar met al die eksamens nader. Bid dat die matrieks goed voorbereid sal wees en dat die huidige rekordeksamens suksesvol sal wees.

- Bid dat al ons aktiwiteite by ons kerk geleidelik sal oopmaak en tot normaal sal terugkeer.
- Dink ook veral aan ons mede boeties en sussies wat onder geweldige moeilike omstandighede hul geloof in ander wêrelddele moet uitleef. Bid vir God se beskerming en die vrede wat alle verstand te bowe gaan.
- Ons bid vir elke gemeentelid van Kraggakamma. Mag Sy liefde, vrede en genade jou vul. Jesus is baie lief vir jou.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met die families van kerkleiers wat hierdie jaar in **Colombia** vermoor is. Bid saam dat God hulle troos sal wees en dat dit vir hulle genesing van hul trauma sal bring.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

29 Augustus	Nicolene de Beer, Ben Fourie, Juan Greyvenstein, Ken Reed, Jurgens van Onselen en Deidre van Ryneveld
30 Augustus	Gielie Botha en Caty Pieterse
31 Augustus	Jacques Claassen, Janine du Plessis, Bianca Meiring, Riana Meiring, Arno Pieterse en Tammie Wildling
1 September	Kobus Coetzee, Jualine Ferreira en Francois Roets
2 September	Jaco Strydom en Kara Strydom
3 September	Daan Boshoff, Wayne Delport, Tiaan Fyver, Lucelle Theron en Cara can Wyk
4 September	Phillip de Vos, Stefan de Vos, Theo Pagel en Leon Stoltz



Christelike Maatskaplike Raad se Jaarvergadering

Dank die Here dat Hy die CMR seën om werklik tot seën te wees. Hulle vier hierdie jaar hul 77^{ste} verjaarsdag. Hulle bedank almal wat hulle ondersteun. As gemeente ondersteun ons hulle oa jaarliks met R20 000. Dankie vir elkeen wat dit moontlik maak met U dankbare diensbaarheid. Die CMR se jaarverslag is beskikbaar by die Kerkkantoor.

Louisa Meyburgh Jaarvergadering

Na 'n jaar met groot uitdagings, dank ons die Here vir sy seën en genade. Louisa Meyburgh bedank almal vir hulle ondersteuning en betrokkenheid. As gemeente ondersteun ons hul ook jaarliks met oa R20 000.

Die lente is om die draai

Hier is 10 “groen” uitdagings vir September maand (en elke maand daarna):

- Herwin papier, glas en plastiek
- Spaar water
- Gaan stap en geniet God se skepping
- Tel rommel op soos julle stap
- Besluit om iewers heen te stap eerder as te ry
- Plant 'n boom of groente
- Kyk 'n ekologie flied of dokumentêr saam
- Skenk 'n kombes of dierekos aan 'n plaaslike dierebeskermingsvereniging
- Eet een dag lank geen vleis nie